DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

3 September 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 24: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 51: 5, 8
Sing	Ps. 33: 1, 2	Sing	Ps. 145: 1, 2, 10
	Ps. 103: 1, 2		Sb. 8-2: 1 - 3 (13)
	Ps. 50: 7, 11		Sb. 8-1: 1, 2 (14)
	Ps. 90: 9		
	Ps. 72: 10, 11		
Skriflesing	Filippense 4: 2 - 20	Skriflesing	Handelinge 2: 14 - 42 HK Sondag 20
Teks	Filippense 4: 17 - 19	Teks	Handelinge 2: 37 - 38
Tema	**Getroue dankoffers aan die getroue God**	Tema	**Die heiligende werk van die Heilige Gees**
Katkisasie-opening: Psalm 23: 1			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Ds JJ de Bruyn (Johannes) van Harrismith na George

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word herinner om asseblief so gou as moontlik 'n nuwe lidmaatinligting vorm te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. U kan dit ook aflaai vanaf ons gemeente se webblad by www.gkbellville.org
Baie dankie aan almal wat reeds so vinnig reageer het – u samewerking word waardeer!

Lidmate wat altyd die preke vooraf per e-pos ontvang het, moet asseblief ook per e-pos bevestig indien hulle wil voortgaan daarmee.

BASAAR

- Indien daar gemeente-lede is wat 'n onderneming besit en belangstel om produkte by hul eie stalletjie te verkoop, kontak asseblief vir sr. Jana de Bruyn
- Plante: die lente is hier! Maak asseblief steggies, saai sade, verdeel plante en plant opslag plante oor. Goeie verkopers is vetplante, kruie, vrugteboompies en blomplante. Oortollige potplante is welkom en jy kan selfs plantjies op 'n uitverkoping koop en aan die basaar skenk.
- Tydskrifte: gebruikte tydskrifte wat steeds in 'n goeie toestand is, kan asseblief ook geskenk word. Dit gaan by die boektafel verkoop word.

Daar is ook plakkate met meer inligting in die teedrinklokaal. Gaan kyk asseblief watter hulp elke stalletjie benodig en bied gerus jou hulp en talente aan. Kom kuier so werk-werk saam met die koördineerders en leer jou mede-lidmate beter ken op 'n lekker informele manier.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in 'n koevert in die Kassiere-kissie plaas of per EFT na die kerk se bankrekening met die verwysing *Basaar.* Baie dankie!

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 10:44 e.v. / Aand: Handelinge 11:1 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word vanoggend bedien aan **Danelle Magdalena Venter**, dogtertjie van br. Ludwig en sr. Daleen Venter.

GEMEENTEKALENDER 2018

Alle datums vir 2018 moet asseblief **vandag** by die kerkkantoor op die proefkalender aangeteken en afgeteken word.

HEKEL-EN-BREI GROEPIE

Almal word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms DV **Donderdag, 7 September** om 19h00 in die konsistorie. Dit is 'n baie informele byeenkoms waar ons sit en hekel of brei, lekker koffie drink en gesels. Ons hoop om daardeur ons mede-gelowiges beter te leer ken. Indien jy nie kan hekel of brei nie, maar graag wil leer, kontak asseblief vir sr. Emzy Venter sodat ons kan seker maak daar is al die benodighede vir jou om te leer. Sien julle daar!

HUISBESOEK

Wyk **Langeberg Ridge** (oudl. Cassie Bester) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Marlien Prinsloo wat hierdie week 'n knie-vervanging ondergaan het.

SANDJIES

Die Sandjies se funksie is uitgestel na DV Saterdag, 16 September om 10h00.

SMULFEES

Op DV **Vrydag, 8 September** bied die Susters 'n Bo-Kaapse Smulfees aan. Kom geniet 'n heerlike aand saam met mede-lidmate en smul aan geregte soos bobotie en sago poeding. Koste beloop R60 per volwassene en R30 per kind (onder 16 jaar). Daar sal weer 'n oppas-diens beskikbaar wees in die kerkhuis. **Vandag is die laaste geleentheid om u naam op die lys in die teedrinklokaal te skryf.** Betalings kan per EFT (met verwysing SMUL+naam) gemaak word of plaas die kontant in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie. Daar sal op die aand ook geleentheid wees om 'n donasie aan Borg 'n Bybel te skenk.

Ons benodig asseblief hulp met die voorbereiding van die geregte, asook skenkings van sekere produkte. Daar is 'n lys aangebring in die teedrinklokaal hiervoor.

4. SUSTERS

KLASSIS BOLAND

Die 63ste sitting van Klassis Boland vergader DV **Dinsdag, 12 September** by ons kerkgebou. Ons benodig asseblief hulp tydens die bediening van tee/koffie en maaltye. Die lyste is in die teedrinklokaal aangebring. Kyk asseblief in watter tydgleuf u kan kom help.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Table View**, Parow-Noord (Geertje Groenewald) en Welgelegen (Elré Gerber)
Volgende Sondag: Wyke **Parowvallei** (Debbie Daling), Boston 2 (Marika Momberg) en Blouberg (Nicolette van der Walt)

SUSTERSBESTUUR 2018

Die volgende susters is verkies tot die bestuur vir 2018: Sr. Judy Venter (voorsitter), sr. Deléne Vrey (onder-voorsitter), sr. Annalize Louw (sekretaresse), sr. Willina Cilliers (tesourier) en as addisionele lede: srs. Nicolette Costerus, Lizelle Janse van Rensburg, Margarita van Niekerk, Emzy Venter en Tillie Wüst. Mag die Here julle werk in die komende jaar seën!

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Dick van der Wilt, Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Herman Boneschans, Jaco Coetsee, Stefan Bezuidenhout, Ferdinand Hoffman

Ouderlinge

Vandag: Brs. Harm du Plessis, Freddie Scheepers, Gert Swanepoel, Ben van der Walt
Volgende week: Brs. Mark Lyons, Cassie Bester, Niël van Hoving, Gert Mulder

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Johan Snyman, Martin van der Walt
Volgende week: Brs. Ruhan Coetzee, Lawrence Lombard

Diensbeurte by Vrye Gereformeerde Kerk (ouderling)

Vandag: Br. Ben Groot
Volgende week: Br. Daan Joubert

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

September: 04/09 Langeberg Ridge, 18/09 Brackenfell
Oktober: 09/10 Table View, 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Jeug van GK Bellville	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	Emeritus Mediese Hulpfonds	Instandhouding van eiendomme

VAN DIE DIAKONIE

Graag wil die diakonie dit onder die gemeente se aandag bring dat die gevalle binne die gemeente waar versorging benodig word oor die afgelope paar maande wesenlik toegeneem het. Addisioneel tot die versorging binne die gemeente, wil die diakonie ook steeds voortgaan met die maandelikse skenkings aan die kinderhuise in kerkverband. Dus wil ons graag lidmate aanspoor tot daadwerklike samelewing in die vorm van bydraes aan die diakonale kas, ten einde die diakonie in staat te stel om sy opdragte na wense te kan uitvoer. Verwante bydraes moet asseblief spesifiek vir die diakonie gemerk word. Vir verdere navrae kontak gerus br. Cobus du Plessis of br. Reinard Visser.

Donasie van huishoudelike produkte en nie-bederfbare kos

Om die finansiële las verder te verlig, vra ons dat lidmate ook skenkings sal maak van huishoudelike produkte (bv. skoonmaakmiddels en toiletware), asook nie-bederfbare kos. Donasies kan in die gemerkte houer in die kombuis geplaas word.

VERGADERINGS

Sustersbestuur
Dinsdag om 19h00
Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens in die konsistorie
Basaarkomitee
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

VERKIESING VAN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van diaken, aan die skriba, oudl. Berend Meijering, te gee.

6. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Bianca Myburgh
04/09	Sr. Ilse Beyers Br. Kobus Opperman
05/09	Sr. Stefanie Brink
07/09	Sr. Nicolette van der Walt Sr. Agustia van Heerden
08/09	Sr. Bokkie Aucamp Br. Louis Koen

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za